Alle sake is *vroue* se sake

'Ons hoop dat praktyke soos gereëlde huwelike, huwelike met minderjarige meisies en sekere tradisionele wette wat vroue benadeel gou in ons samelewing sal uitsterf.

Maar tradisie is kulturele gewoontes wat moeilik verander en dit is ook meestal die jonger generasie wat vinniger wil verander as die ouer generasie." Sò het me. Bience Gavannas, 'n teruggekeerde regsgeleerde gesê tydens 'n vergadering wat gehou is om vroue se posisie in die grondwet te bespreek.

"Toe ek na Namibia terug gekeer het en die plattelandse gebiede besoek het, was dit vir my duidelik om die verknorsing waarin vroue hulle bevind raak te sien."

Bience het daarop gewys dat in artikel 14 van die nuwe grondwet wat die FAMILIE behandel, daar aspekte is wat nie duidelik genoeg omskryf is nie. Hoewel tradisionele huwelike erken word, is die ouderdom waarop getrou mag word, nie gedefinieer nie.

Dit kan daartoe lei dat meisies in die huwelik tree terwyl hulle nog feitlik kinders is. Die ouderdom van "volwassenheid" moet vasgestel word en die wet behoort dan te bepaal dat niemand onder daardie ouderdom (waarskynlik 18 jaar) in die huwelik mag tree nie.

Wat die omskrywing van FAMILIE betref, is die gevoel uitgespreek dat dit nie behoorlik gedefinieer is nie. Die grondwet beskryf 'n familie as 'n "natuurlike eenheid". Die vrae wat geopper word is of dit ook huishoudings van ongetroude enkellopende moeders insluit en of 'n vrou ook as die "hoof" van 'n familie erken word.

Rakende artikel 21 wat oor die Vryheid van Assosiasie handel, het Bience gesê daar is 'n duidelike tekort aan vroue se deelname aan vakbonde asook vakbonde wat op vrou-werkers gerig is. Die nodigheid vir 'n vakbond van huiswerkers kan nie oorbeklemtoon word nie. So ook moet huiswerk erken word deur die staat as 'n volwaardige werk.

Me. Otillie Abrahams het daarop gewys dat vroue net soveel deelname gehad het aan die "liberation struggle" as manlike landgenote. Ons moet self sorg dat ons nie nou weer op die agtergrond geskuif word nie. Wanneer mans lag oor vroue se probleme en dit as onbelangrik beskou, laat dit ons baie magteloos voel, maar wanneer vroue vroue nie bewus is van hul eie probleme nie of onderdrukkende situasies as "natuurlik" aanvaar, is dit erger as die dood.

"Ons moet maniere vind om om die veranderinge wat ons as vroue wil sien plaasvind, teweeg te bring deur deel te neem aan die politieke proses. Vroue behoort sterk op te kom in die komende munisipale - en streeks-verkiesings", het Otillie gesê.

Me. Nora Chase het gesê daar is baie diskriminasie in die werksituasie. Sekere werk word net vir mans gereserveer en selfs op die gebiede waar vroue die grootste deel van die werkmag uitmaak, soos in gesondheidsdienste, kry die vroue maar selde bevordering.

Me. Tessa Onesmus, self 'n gesondheidswerker wat al jare wag op bevordering, het gesê vroue in Namibia moet organiseer. Ontwikkelingsprojekte vir vroue moet ook déúr vroue bestuur en beplan word. Vroue kan hul vrese oorkom deur aktief betrokke te raak. Dit is die enigste wyse waarop ons vordering sal maak en iets bereik."